BELANGRIKE KENNISGEWING

UITNODIGING VIR BEFONDSINGSAANSOEKE (VOORLEGGINGS) OM VIR 2O17/2O18-BOEKJAAR EN DAARNA SEKERE JEUGONTWIKKELINGSDIENSTE IN DIE WES-KAAP TE LEWER

Befondsingsaansoeke word ingewag van nie-winsgewende en ander kwalifiserende organisasies om ontwikkelingsintervensies/dienste wat op die jeug gemik is, namens die Departement te lewer, soos hieronder uiteengesit word:

A. Oprigting en die bestuur van JEUGKAFEES en verwante dienste in die volgende gebiede in die Wes-Kaap:

- **Kaapse Wynland-distrik/Overberg**: Villiersdorp
- **Weskus:** Vredenburg/Velddrift
- **Eden Karoo:** Mosselbaai (Groot-Brakrivier)

B. Lewering van hoë gehalte dienste en steun aan nuwe en bestaande Jeugkafees regoor die provinsie:

- **Eden Karoo:** George, Uniondale, Oudtshoorn en Mosselbaai Munisipale gebiede
- **Metro-Suid:** Mitchells Plain, Gugulethu, Retreat en Wynberg Maatskaplike Ontwikkelingsgebiede (SDAs)
- **Weskus:** Vredenburg
- **Kaapse Wynland-distrik/Overberg:** Bredasdorp**,** Worcester, Swellendam
- **Metro Noord:** Atlantis

C. Geintegreerde jeugontwikkelingsintervensies/dienste in die volgende Wes-Kaapse gebiede:

- **Kaapse Wynland-distrik/Overberg:** Barrydale, Bonnievale en Kleinmond
- **Metro-Oos:** Scottsville, Kraaifontein, Khayelitsha, Mfuleni, Somerset-Wes en Strand
- **Metro-Noord:** Delft, Atlantis, Elsiesrivier, Du Noon en Joe Slovo
- **Eden Karoo:** Laingsburg, Beaufort-Wes en Murraysburg
- **Weskus:** Vredendal en Vredenburg

Let asseblief daarop dat slegs die korrekte 2O17/18-befondsingsaansoekvorms gebruik moet word wat by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verkry is.

Basiese kwalifiseringskriteria en voorwaardes wat op befondsingsaansoeke van toepassing is:

- Registrasie ingevolge die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, Wet 71 van 1997, of item 1 van Skedule 1 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008;

- Bogenoemde registrasies moet tans geldig wees en bewys van geldigheid moet by die befondsingsaansoek ingesluit word (d.w.s. organisasies wat nie geregistreer is nie, sal outomaties gediskwalifiseer word);
- Bewese geskiedenis van die lewering van gemeenskaps- en jeugontwikkelingsdienste binne die RSA;
- Bewese kundigheid, ervaring en bevoegdheid om hoë gehalte programme vir jongmense in werking te stel;
- Ooreenkomstig die aansoekvorms moet duidelike mikpunte, lewering en uitkomste in befondsingsaansoeke weergegee word, en dit moet met die Jaarlikse Prestasieplan van die Departement, die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie en DMO Jeugontwikkelingstrategie strook;
- Befondsingsaansoeke moet verder geouditeerde of gesertifiseerde finansiële state van die aansoekorganisasie vir die vorige boekjaar insluit;
- Befondsingsaansoeke moet die aansoekorganisasie se interne moniterings- en evalueringsmeganismes verstrek en spesifiek die organisasie se bereidwilligheid verklaar om aan die Departement se tydsriglyne vir verslagdoening oor resultate te voldoen;
- Befondsingsaansoeke sal oorweeg word in ooreenstemming met die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se befondsingsbeleid vir NWO's (wat via https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/social-development/wcg_dsd_policy_on_the_funding_of_non-government_organisations_for_the_provision_of_social_welfare_and_community_development_services._amended_2014.pdf beskikbaar is).

Belangrike inligting:

Die sluitingsdatum en tyd vir die indiening van voorleggings is 31 Maart 2017 om 16:00.

Aansoeke moet duidelik as befondsingsaansoek, naamlik: Befondsingsaansoek vir jeugontwikkelingsdienste 2017/18, gemerk word en na Privaatsak X9112, Kaapstad 8000, gepos word, OF

Alternatiewelik moet aansoeke in gemerkte houers in die voorportaal van die Departement se hoofkantoor geleë te Koningin Victoria-straat 14, Union House, Kaapstad, geplaas word.

Geen elektroniese aansoeke sal aanvaar word nie.

Vir administratiewe en tegniese steun, skakel die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling TOLVRY by O8OO 22O 250, of per e-pos aan:

Melanise Hindley Melanise.Hindley@westerncape.gov.za

Blanche Kermis Blanche.Kermis@westerncape.gov.za

Lizelle Brown Lizelle.Brown@westerncape.gov.za